Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur- en Beheerbeplanning
Subdirektoraat: Skoolverryking

Verwysing: 20171030-6276
12/14/2
Navrae: Distrikskantoor

Inrigtingsbestuur- en beheerbeplanningminuut: 0004/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Skoolverrykingskoördineerders en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Versoek om benoemings vir die Junior Stadsraad

1. Die Stad Kaapstad, in vennootskap met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), is besig met 'n werwingsproses om leerders by die Junior Stadsraad (JSR) -program vir 2018/2019 te betrek.

2. Die JSR is as 'n forum vir hoërskoolleerders ingestel om hul kennis van plaaslike regering te verbreed, met spesifieke verwysing na munisipale kwessies, en ook om die omvang van die funksies wat deur plaaslike owerhede uitgevoer word, te begryp. Dit is nie 'n politieke struktuur nie en deelname deur alle skole (openbare en onafhanklike hoërskole) is vrywillig.

3. Die primêre doel van die JSR is om die jeug bewus te maak van hul vermoëns om vir positiewe verandering in hul gemeenskappe voor te berei en saam te werk om hul sosiale ekonomiese uitdagings op te los. Dit sal ook die deelnemers se vaardighede en persoonlike selfbeeld ontwikkel sodat hierdie jong individue vertroue kan hê in hulle vermoëns om verandering in hul skole en gemeenskappe teweeg te bring.

4. Die JSR-doelwitte is om:
   - goeie leierskapvaardighede in te skerp en die leierskappotensiaal van ons hoërskooljeug te ontwikkel;
   - die jeug te help om in goeie burgers te ontluik en hul belangstelling in burgerlike en gemeenskapsake aan te wakker;
   - die jeug kritiese denkvaardighede aan te leer om hul in staat te stel om 'n begrip van openbare beleidsprosesse te ontwikkel;
   - besluitnemingsvaardighede te ontwikkel;
   - 'n bewustheid van minderbevoorregtes en probleme binne die gemeenskap te ontwikkel;
   - die jeug te leer om by gemeenskapskwessies betrokke te raak en probleme deur etiese besluitneming op te los;

Laer Parlementstraat, Kaapstad 8001
Tel: +27 21 467 2000 Faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

- vandag se jeug te ondersteun ten einde 'n beter toekoms te verseker;
- die jeug korrek en regverdig uit te beeld; en
- bekwame individue te kweek om hulle eweknieë te lei.

5. Leerders wat vir die program aanvaar word, moet aan gemeenskapsgebaseerde of diensleeraktiwiteite by die skool deelneem, en gereeld vorderingsverslae oor hul gekose aktiwiteite indien.

6. Die program vind ná skool plaas (naweke en vakansies). Die eerste vergadering sal 'n bekendstellingsvergadering wees. Die daaropvolgende vergadering is 'n tweedaagse minder formele werksessie waar hulle opleiding sal ontvang in verskeie aktiwiteite en vaardighede sal leer om kwessies soos voorleggings, openbare beleidsprosesse en gemeenskapsbetrokkenheid te behartig. 'n Uitvoerende komitee sal aan die einde van die werksessie verkies word.

7. Deelname aan die program is deur benoeming. Dié kan deur die prinsipaal of die adjunkprinsipaal wat vir die verteenwoordigende raad van leerders (VRL) verantwoordelik is, of 'n senior onderwyser by die skool, gedoen word. Skole wat van voorneme is om aan hierdie program deel te neem, moet twee leerders benoem (graad 8 tot 10 in 2018) wat volgens hulle die potensiaal het om 'n beduidende bydrae tot die ontwikkeling van die skool en gemeenskap te lewer. Die benoemde leerders moet die aangehegte benoemingsvorms voltooi. Die sluitingsdatum vir benoemings is 01 Desember 2017.

8. Benoemings kan per faks of per e-pos aan me. Levona Africa (faksnommer: 086 202 8854 of e-pos: Levona.Africa@capetown.gov.za) of aan mnr. Sharif Sayed (e-pos: Sharif.Sayed@capetown.gov.za), of aan een van die WKOD-distriksamptenare in die onderstaande lys, gestuur word.

Distriksamptenare se kontakbesonderhede:

Onderwysdistrik	**Kontakbesonderhede**
Metro-Sentraal	Me. S. Majiet Tel.: 021 514 6700 Faks: 021 514 6953 E-pos: Smajiet@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Me. M.J. Swartz Tel.: 021 900 7253 Faks: 021 903 2149 E-pos: Mjswartz@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Mnr. D. Leonard Tel.: 021 938 3170 Faks: 021 938 3180 E-pos: Dleonard@westerncape.gov.za

Metro-Suid	Mnr. R. Esau Tel.: 021 370 2000 Faks: 021 372 1856 E-pos: Rowan.Esau@westerncape.gov.za
Weskus	Me. C. Beukes Tel.: 021 860 1210 Faks: 021 860 1231 E-pos: Cbeukes@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Mnr. F. Josias Tel.: 023 348 4602 Faks: 023 342 4138 E-pos: Fred.Josias@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr. K. Mike Tel.: 028 214 7300 Faks: 028 214 7400 E-pos: Kobus.Mike@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Me. S. Stofile Tel.: 044 803 8300 Faks: 044 873 2253 E-pos: Sino.Stofile@westerncape.gov.za

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes, veral die VRL en die opvoederskakelbeampte (OSB).

GETEKEN: TS MATSELISO
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2017-11-06